REGULASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 17 (5) van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955), het die Minister van Nasionale Opvoeding onderstaande regulasies, opgestel deur die Raad van die Universiteit van Stellenbosch, goedgekeur:

TOELATING AS STUDENT

Niemand word tot onderstaande kursusse toegelaat nie tensy hy in Wiskunde en, waar aangedui, ook in 'n Natuurwetenskap vir die Matrikulasië- of daarmee gelykstaande eksamen in die graad soos aangedui, geslaag het: Met dien verstande dat die Senaat, in uitsonderlike gevalle, vrystelling van Wiskunde as vereiste vir toelating tot die toepaslike kursusse kan verleen:

1. (a) *Wiskunde in minstens die standaardgraad.*

(i) B.A. in Beeldende Kunste [rigting: Nywerheidsontwerp (Metaal)]; M.B., Ch.B.; B.Ch.D.; B.Sc. in Fisioterapie; B.Comm. (uitgesonderd B.Comm. met regsvalke); B.Rekeningkunde; B.Mil. (rigting: Lettere en Wysbegeerte of die rigting wat handelsvalke insluit).

(ii) Indien Wiskunde as 'n vak vir die grade B.Comm. en B.Rekeningkunde aangebied wil word, moet daar geslaag word in Wiskunde (hoër graad) of minstens 60 persent in Wiskunde (standaardgraad) behaal word.

(b) A special levy of 1,5c per kg is hereby imposed on wool, excluding karakul wool and wool produced in Lesotho, the Transkei and Ciskei which is sold through the Board.

DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. R. 1541 27 August 1976

UNIVERSITIES ACT, 1955

JOINT STATUTE OF THE UNIVERSITIES.—AMENDMENT

The Minister of National Education has, under and by virtue of the powers vested in him by section 18 (2) of the Universities Act, 1955 (Act 61 of 1955), approved the following amendment to the Joint Statute of the Universities framed by the Committee of University Principals and published under Government Notice R. 822 of 25 May 1962, as amended by Government Notices R. 937 of 25 June 1965, R. 1940 of 8 December 1967, R. 2256 of 6 December 1968, R. 1422 of 28 August 1970, R. 2185 of 3 December 1971, R. 1795 of 4 October 1974 and R. 646 of 4 April 1975:

Minimum period of attendance for Degree of Bachelor

Paragraph 16 of the Joint Statute of the Universities, 1962, is hereby amended by adding after subparagraph (a) the following subparagraph:

“(aA) passed such examinations or tests and complied with such conditions as the university may impose for the completion of each course in each academic year of study in the subjects offered for the degree: Provided that no recognition for the purposes of a degree shall be given to any course completed in any subject in any academic year of study unless the date of validity of his matriculation certificate or certificate of exemption from the Matriculation Examination precedes 2 April of the academic year in which such course was completed;”.

No. R. 1542 27 August 1976

UNIVERSITIES ACT, 1955

REGULATIONS OF THE UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

The Minister of National Education has, under and by virtue of the powers vested in him by section 17 (5) of the Universities Act, 1955 (Act 61 of 1955), approved the following regulations made by the Council of the University of Stellenbosch:

ADMISSION AS A STUDENT

1. No person shall be admitted to the following courses unless he has passed Mathematics and, where indicated, also a Natural Science at the Matriculation or equivalent examination in the grade as indicated: Provided that the Senate may, in exceptional cases, grant exemption from Mathematics as a requirement for admission to the relative courses:

1. (a) *Mathematics in at least the standard grade.*

(i) B.A. in Fine Arts [main field of study: Industrial Design (Metal)]; M.B., Ch.B.; B.Ch.D.; B.Sc. in Physiotherapy; B.Comm. (excluding B.Comm. with Law subjects); B. Accounting; B.Mil. (main field of study: Arts or the field of study that includes commercial subjects).

(ii) If a student wishes to read Mathematics as a subject for the degrees B.Comm. or B. Accounting, he must have passed Mathematics (higher grade) or obtained at least 60 per cent in Mathematics (standard grade).

(b) *Wiskunde en Natuur- en Skeikunde, albei in minstens die standaardgraad.*

B.Sc. in Landbou; B. in Landbou-onderwys; B.Sc. in Voedselwetenskap; B.Sc. in Bosbou; B.Sc. in Houtkunde; B. in Parke- en Ontspanningsadministrasie; B.Mil. (rigting: Natuurwetenskappe).

(c) *Wiskunde en Natuur- en Skeikunde, waarvan een in die hoër graad.*

(i) B.Sc.; B.Sc. in Huishoudkunde.

(ii) Indien Wiskunde as 'n vak vir die B.Sc.-graad aangebied wil word, moet daar geslaag word in Wiskunde (hoër graad) of minstens 60 persent in Wiskunde (standaardgraad) behaal word.

(d) *Wiskunde en 'n Natuurwetenskap, albei in minstens die standaardgraad.*

B. in Landboubestuur.

(e) *Wiskunde (hoër graad) of minstens 60 persent in Wiskunde (standaardgraad) en Natuur- en Skeikunde in minstens die standaardgraad.*

B.Eng.; B.Sc. Eng. (Elektr.).

(f) *Wiskunde of 'n Natuurwetenskap, albei in minstens die standaardgraad.*

B. in Huishoudkunde (algemene rigting).

(g) *Wiskunde of Natuur- en Skeikunde, albei in minstens die standaardgraad.*

B. in Huishoudkunde (Ed.).

(h) *Wiskunde in minstens die standaardgraad.*

Baccalaureuskursusse wat Statistiek (halwe kursus) en Wiskunde (halwe kursus) insluit.

2. Niemand word tot 'n kursus vir 'n Baccalaureusgraad in primêre onderwys toegelaat nie tensy hy—

(a) in minstens een wiskundige of syferkundige vak in die Junior Sertifikaateksamen geslaag het en niemand word tot 'n kursus vir 'n Baccalaureusgraad in primêre onderwys met Wiskunde of Natuurwetenskap as derdejaarsvak toegelaat nie tensy hy in onderskeidelik: Wiskunde of 'n Natuurwetenskap in die Matrikulasie- of daarmee gelykstaande eksamen in minstens die standaardgraad geslaag het; en

(b) niemand word tot 'n kursus vir 'n Baccalaureusgraad in primêre onderwys met spesialisasie in Skoolmusiek toegelaat nie, tensy hy—

(i) met minstens 60 per sent geslaag het in Musiek (eksamen) vir die Junior Sertifikaat; of

(ii) die Graad VI (Intermediêr)-eksamen in klavier van die Universiteit van Suid-Afrika geslaag het; of

(iii) 'n toelatingseksamen in klavier aflê gelykstaande met die eksamen in (ii) vermeld, en in dié eksamen slaag.

3. Niemand word tot die kursus B.Mus., B.Mus. (Ed.) of B.A. (met Musiek as vak) toegelaat nie, tensy hy—

(a) met minstens 50 persent in Musiek (hoër graad) of minstens 60 persent in Musiek (standaardgraad) geslaag het in die Matrikulasie- of daarmee gelykstaande eksamen; of

(b) die Graad VII-eksamen (Universiteit van Suid-Afrika) in die praktiese hoofonderwerp afgelê het, en in Harmonie 'n standaard gelykstaande met Graad VI (Universiteit van Suid-Afrika) bereik het; of

(c) 'n toelatingseksamen aflê in die praktiese hoofonderwerp en in Harmonie, gelykstaande met die eksamens in (b) vermeld, en in dié eksamen slaag.

(b) *Mathematics and Physical Science, both in at least the standard grade.*

B.Sc. in Agriculture; B. Agricultural Education; B.Sc. in Food Science; B.Sc. in Forestry; B.Sc. in Wood Science; B. Park and Recreation Admin.; B.Mil. (main field of study; Natural Sciences).

(c) *Mathematics and Physical Science, one of which in the higher grade.*

(i) B.Sc.; B.Sc. in Home Economics.

(ii) If a student wishes to read Mathematics as a course for the B.Sc.-degree, he must have passed Mathematics (higher grade) or obtained at least 60 per cent in Mathematics (standard grade).

(d) *Mathematics and a Natural Science, both in at least the standard grade.*

B. Agricultural Management.

(e) *Mathematics (higher grade) or at least 60 per cent in Mathematics (standard grade) and Physical Science in at least the standard grade.*

B.Eng.; B.Sc. Eng. (Elec.).

(f) *Mathematics or a Natural Science, both in at least the standard grade.*

B. Home Economics (General field of study).

(g) *Mathematics or Physical Science, both in at least the standard grade.*

B. Home Economics (Ed.).

(h) *Mathematics in at least the standard grade.*

Courses for a bachelor's degree which include Statistics (half course) and Mathematics (half course).

2. No person shall be admitted to a course for a bachelor's degree in primary teaching, unless he—

(a) has passed at least one mathematical or arithmetical subject at the Junior Certificate examination, and no person shall be admitted to a course for a bachelor's degree in primary teaching with Mathematics or a Natural Science as a major subject unless he has passed Mathematics or a Natural Science, respectively, in at least the standard grade at the Matriculation or equivalent examination; and

(b) no person shall be admitted to a course for a bachelor's degree in primary teaching with specialisation in School Music, unless he—

(i) has attained a standard of at least 60 per cent in Music (examination subject) for the Junior Certificate; or

(ii) has passed the Grade VI (Intermediate) examination in piano of the University of South Africa; or

(iii) has attained at an entrance examination in piano a standard equivalent to the standard required in the examination mentioned in (ii).

3. No person shall be admitted to the course B.Mus., B.Mus. (Ed.) or B.A. (with Music as a subject) unless he—

(a) has passed Music (higher grade) with at least 50 per cent or Music (standard grade) with at least 60 per cent at the Matriculation or equivalent examination; or

(b) has passed the major practical subject at the Grade VII examination (University of South Africa) and attained a standard in Harmony equivalent to Grade VI (University of South Africa); or

(c) has passed at an entrance examination the major practical subject and Harmony, at a level equivalent to the examinations mentioned in (b).

HERNUWING VAN INSKRYWING AS STUDENT

4. Die Universiteit kan 'n student toestemming weier om sy inskrywing as student van die Universiteit te hernieu, indien hy—

(a) in die jare wat die finale studiejaar van 'n graad, uitgesonderd M.B., Ch.B. en B.Ch.D., voorafgaan, na verloop van elk van onderstaande tydperke van studie nie minstens die aangeduide getal kursusse uit dié wat vir die betrokke graad voorgeskryf is, bevredigend afgehandel het nie, met verontagsaming van breukdele van kursusse by die berekening van bedoelde getal kursusse:

(i) (a) Na een jaar 'n getal kursusse (behalwe in die geval van B.Ing.- en B.Sc. Ing. (Elektr.) studente gelykstaande met een-derde van die totale getal kursusse vervat in die eerste studiejaar;

(b) na een jaar van die B.Ing.- of B.Sc. Ing. (Elektr.)-kursus, 'n getal kursusse gelykstaande met vyftigstes van die totale getal kursusse vervat in die eerste studiejaar;

(ii) na twee jaar, 'n getal kursusse gelykstaande met die getal kursusse vervat in die eerste studiejaar;

(iii) na drie jaar, 'n getal kursusse gelykstaande met die getal kursusse vervat in die eerste studiejaar plus een-derde van die getal kursusse vervat in die tweede studiejaar;

(iv) na vier jaar, 'n getal kursusse gelykstaande met die getal kursusse vervat in die eerste twee studiejaar;

(v) na vyf jaar, 'n getal kursusse gelykstaande met die getal kursusse vervat in die eerste twee studiejaar plus een-derde van die getal kursusse vervat in die derde studiejaar;

(vi) na ses jaar, 'n getal kursusse gelykstaande met die getal kursusse vervat in die eerste drie studiejaar;

(vii) na sewe jaar, 'n getal kursusse gelykstaande met die getal kursusse vervat in die eerste drie studiejaar plus een-derde van die getal kursusse vervat in die vierde studiejaar; en

(viii) na agt jaar, 'n getal kursusse gelykstaande met die getal kursusse vervat in die eerste vier studiejaar;

(b) in die eerste, tweede, derde, vierde of vyfde jaar van die M.B., Ch.B.- en B.Ch.D.-kursusse twee keer ná mekaar nie voldoen aan die vereistes vir promosie tot 'n volgende studiejaar nie;

(c) nie in die eksamens van die finale studiejaar vir die graad M.B., Ch.B. of B.Ch.D. slaag binne twee jaar nadat hy hierdie eksamens vir die eerste keer afgelê het nie; of

(d) kursusse volg, maar nie met die doel om 'n graad te verwerf nie, en aan die einde van 'n akademiese jaar nie slaag of nie aan die vereistes vir promosie voldoen in ten minste een van die kursusse wat hy in die bepaalde jaar bygewoon het nie.

HERROEPING VAN REGULASIES

5. Goewermentskennisgewing R. 1071 van 22 Junie 1973 word hierby herroep.

DEPARTEMENT VAN STATISTIEK

No. R. 1508

27 Augustus 1976

REGULASIES KRAGTENS ARTIKEL 17 VAN DIE WET OP STATISTIEKE, 1976 (WET 66 VAN 1976)

VERSAMELING VAN KORTTERMYN STATISTIEKE VAN DIE GROOT- EN KLEINHANDEL

Die Minister van Statistiek, kragtens artikel 17 (1) (a) van die Wet op Statistieke, 1976 (Wet 66 van 1976),

RENEWAL OF REGISTRATION AS A STUDENT

4. The University may refuse a student permission to renew his registration as a student of the University if—

(a) in the years preceding the final year of study for a degree, with the exception of M.B., Ch.B. and B.Ch.D., after each of the under-mentioned periods of study he has not satisfactorily completed at least the indicated number of courses out of those required for the degree concerned, fractions of courses being disregarded in the calculation of the number of courses referred to:

(i) (a) After one year [except in the case of B.Eng. and B.Sc. Eng. (Elec.) students] a number of courses equivalent to one-third of the total number of courses included in the first year of study;

(b) after one year of the B.Eng. or B.Sc. Eng. (Elec.) course, a number of courses equivalent to five-eighths of the total number of courses included in the first year of study;

(ii) after two years, a number of courses equivalent to the number of courses included in the first year of study;

(iii) after three years, a number of courses equivalent to the number of courses included in the first year of study, plus one-third of those included in the second year of study;

(iv) after four years, a number of courses equivalent to the number of courses included in the first two years of study;

(v) after five years, a number of courses equivalent to the number of courses included in the first two years of study, plus one-third of those included in the third year of study;

(vi) after six years, a number of courses equivalent to the number of courses included in the first three years of study;

(vii) after seven years, a number of courses equivalent to the number of courses included in the first three years of study, plus one-third of those included in the fourth year of study; and

(viii) after eight years a number of courses equivalent to the number of courses included in the first four years of study.

(b) in the first, second, third, fourth or fifth year of the M.B., Ch.B. and B.Ch.D. courses, he fails twice in succession to meet the requirements for promotion to a following year of study;

(c) he fails to gain a pass in the examinations of the final year of study for the M.B., Ch.B. or B.Ch.D. degrees within two years of sitting for these examinations for the first time; or

(d) he takes courses with some object other than obtaining a degree, and fails to gain a pass or to meet the requirements for promotion at the end of an academic year in at least one of the courses he attended in that particular year.

REPEAL OF REGULATIONS

5. Government Notice R. 1071 of 22 June 1973 is hereby repealed.

DEPARTMENT OF STATISTICS

No. R. 1508

27 August 1976

REGULATIONS IN TERMS OF SECTION 17 OF THE STATISTICS ACT, 1976 (ACT 66 OF 1976)

COLLECTION OF SHORT-TERM STATISTICS OF WHOLESALE AND RETAIL TRADE

The Minister of Statistics has, in terms of section 17 (1) (a) of the Statistics Act, 1976 (Act 66 of 1976),

herroep hierby die regulasies afgekondig by Goewerments-kennissgewing R. 1642 van 22 Oktober 1965, en vaardig die volgende regulasies uit:

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken 'n—

(a) "handelsinrigting" enige perseel waar goedere ookal verkoop, geruil, omgeruil of oorgeplaas word, of te koop of vir ruildoeleindes aangebied word of ontvang, of geberg, uitgepak, versend, gemonteer of herstel word;

(b) "handelsfirma" ook 'n eenmansaak, vennootskap, private maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, publieke maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, koöperatiewe vereniging of maatskappy, ontwikkelings-korporasie of enige ander liggaam wat een of meer handelsinrigtings besit;

(c) "groot-handelsfirma of -inrigting" 'n handelsfirma of -inrigting wat gewoonlik handelsware verkoop aan handelaars en distribueerders vir herverkoop of aan aankopers vir gebruik of verbruik in hul eie besigheid;

(d) "klein-handelsfirma of -inrigting" 'n handelsfirma of -inrigting wat gewoonlik handelsware direk aan verbruikers vir persoonlike of huishoudelike gebruik verkoop.

2. Die persoon in beheer van 'n handelsfirma of -inrigting moet, nadat hy deur die Sekretaris van Statistiek daartoe versoek is, en nadat vraelyste soos uiteengesit in Aanhangsels A, B, C en D hiervan aan hom gestuur, afgelewer of aangebied is, die toepaslike inligting op sodanige vraelyste binne die tydperk in regulasie 4 voorgeskryf aan die Sekretaris van Statistiek verstrek.

3. By die toepassing van hierdie regulasies is die persoon in beheer van 'n handelsfirma of -inrigting—

(a) die persoon wat die eienaar is van 'n handelsfirma of -inrigting: Met dien verstande dat 'n opgawe in regulasie 2 genoem ook aanvaar kan word van 'n persoon aan wie die eienaar die toesig, beheer, administrasie, leiding of bestuur, na gelang van die geval, van die firma of inrigting opgedra het;

(b) 'n trustee of likwidateur of eksekuteur of administrateur van 'n insolvente of bestorwe boedel, 'n likwidateur van 'n maatskappy, 'n vereniging sonder winsoogmerk of 'n koöperasie in likwidasie, of 'n geregtelike bestuurder van 'n maatskappy onder geregtelike bestuur, welke boedel of maatskappy of vereniging sonder winsoogmerk of koöperasie gedurende die betrokke maand/kwartaal die eienaar van sodanige firma of -inrigting was.

4. Die maandelikse en kwartaallikse opgawes wat in Aanhangsels A, B, C en D hieronder uiteengesit word, moet binne 10 dae (maandelikse opgawe) en drie weke (kwartaallikse opgawe) na die einde van die maand of kwartaal, na gelang van die geval, waarop die opgawe betrekking het aan die Sekretaris van Statistiek, Pretoria, verstrek word.

5. Enige persoon in beheer van 'n handelsfirma of -inrigting wat sonder redelike oorsaak versuim om aan hierdie regulasies te voldoen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R200, of in die geval van voortdurende versuim om daaraan te voldoen, met 'n boete van hoogstens R10 vir elke dag waarop sodanige versuim voortduur.

repealed the regulations published under Government Notice R. 1642 of 22 October 1965 and made the following regulations:

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

(a) "trading establishment" means any premises where goods are sold, bartered, exchanged or transferred, or offered for sale, barter or exchange, received, stored, unpacked, despatched, assembled or repaired;

(b) "trading firm" also means an individual, partnership, private limited liability company, public limited liability company, co-operative society or company, development corporation or any other body which owns one or more trading establishments;

(c) "wholesale trading firm or establishment" means a trading firm or establishment which generally sells merchandise to dealers and distributors for resale or to purchasers for use or consumption in their own businesses;

(d) "retail trading firm or establishment" means a trading firm or establishment which generally sells merchandise direct to consumers for personal or household use.

2. The person in charge of a trading firm or establishment shall, after having been requested thereto by the Secretary for Statistics and after questionnaires as set out in Annexures A, B, C and D hereof have been sent, delivered or tendered to him, furnish the Secretary for Statistics with the relevant information on such questionnaires within the period prescribed in regulation 4.

3. For the purposes of these regulations, the person in charge of a trading firm or establishment shall be—

(a) the person who is the proprietor of a trading firm or establishment: Provided that a return referred to in paragraph 2 may also be accepted from a person who has been charged by such proprietor with the supervision, control, administration, direction or management, as the case may be, of such firm or establishment;

(b) a trustee or liquidator or an executor or administrator of an insolvent or deceased estate, or a liquidator of a company or a non-profit society or a co-operative society in liquidation or a judicial manager of a company under judicial management, which estate or company or non-profit society or co-operative society which was the proprietor of such firm or establishment during the relevant month/quarter.

4. The monthly and quarterly returns, as set out in Annexures, A, B, C and D below shall be rendered to the Secretary for Statistics, Pretoria, within 10 days (monthly questionnaire) and three weeks (quarterly questionnaire) after the end of the month or quarter, as the case may be, to which the return relates.

5. Any person in charge of a trading firm or establishment who, without reasonable cause, contravenes or fails to comply with any provision thereof, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R200 or, in the case of a continuing failure to comply therewith, to a fine not exceeding R10 for every day during which such failure continues.

This questionnaire is also obtainable in English.

AANHANGSEL A

04-22A



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN STATISTIEK

MAANDELIKSE VERKOPE DEUR KLEINHANDELFIRMAS

OPGAWE VIR DIE MAAND.....

Meld in briefwisseling met die Departement asseblief die kodenommers wat tussen hakies bokant die adres verskyn

SLEGS VIR DEPARTEMENTELE GEBRUIK

- (1) Ontvangs aangeteken.....
 (2) Kontrole.....
 (3) Toetskontrole.....
 (4) Na Dataverwerking.....

VROEGTYDIGE INDIENING VAN OPGAWE

Die waarde van hierdie statistieke is afhanklik van die tydige vrystelling van die resultate. Geliewe dus u opgawe elke maand stiptelik in te dien, in ieder geval nie later nie as die **VERVALDATUM**, naamlik **TIEN DAE** na die einde van die maand waarop dit betrekking het.

Indien die verlangde gegewens nie gereedlik beskikbaar is nie sal ramings aanvaar word.

Die verskaffing van hierdie statistieke is verpligtend kragtens regulasies uitgevaardig ingevolge artikel 17 van die Wet op Statistieke, 1976 (Wet 66 van 1976).

VERPLIGTING TOT GEHEIMHOUDING

U opgawe sal as streng vertroulik behandel word in ooreenstemming met die geheimhoudingsklousule van die Wet op Statistieke. Die inhoud van individuele opgawes sal nie aan enige private persoon of organisasie of staatsdepartement beskikbaar gestel word nie. Die resultate sal op só 'n wyse gepubliseer word dat daar verseker word dat die gegewens in u opgawe vervat, vertroulik sal bly.

Verder sal geen inskrywing in die opgawe in enige regsgeeding toelaatbaar wees nie, behalwe in die geval van 'n oortreding van die Wet op Statistieke.

Departement van Statistiek
 Privaatsak X44
 Pretoria
 0001

T. A. DU PLESSIS,
 Sekretaris van Statistiek.

DEFINISIES EN VERDUIDELIKENDE OPMERKINGS

1. OMVANG VAN OPNAME

Die gegewens word slegs ten opsigte van *kleinhandelinrigtings* van 'n firma versamel. Firms met twee of meer kleinhandelinrigtingsr of firms wat bestaan uit een of meer kleinhandelinrigtings tesame met een of meer ander inrigtings wat geklassifiseer word onder andee sektore van die ekonomie, soos groothandel, fabriekswese, mynwese, ens., moet daarop let dat die gegewens met betrekking tot verkop-verlang word slegs ten opsigte van daardie inrigtings wat *oorwegend* te doen het met die *kleinhandel*. Inligting wat betrekking het op inrigtings buite Suid-Afrika en houer- of filiaalmaatskappye moet uitgesluit word.

2. BERAAMDE EN HERSIENE GEGEWENS

In Afdeling 1 kolom A moet hersiene gegewens vir die vorige maand aangebring word, al is dit 'n herhaling van die gegewens wat reeds vir die vorige maand verstrek is. In kolom C is dit slegs nodig om die beraamde totale waarde van verkope vir die eerskomende maand aan te toon.

3. INDIENING VAN OPGAWE

Die vraelys moet in tweevoud ingevul word en die oorspronklike opgawe in die amptelike koevert, wat vir die doel voorsien is aan die Departement teruggestuur word. Die afskrif moet vir u rekorddoeleindes gehou word.

4. VERANDERING IN SAKEBELANGE

Verwittig hierdie Departement van enige samesmelting of enige ander verandering in die sakebelange wat die bestek van die Statistiese inligting verstrek deur hierdie firma mag beïnvloed.

5. GELDWAARDES

Gee asseblief geldwaardes aan tot die naaste rand. Moenie sente aangegee nie.

KLEINHANDELVKOPPE

Opmerkings:

1. Die getal kleinhandelinrigtings (takke) ten opsigte waarvan inligting verstrek word, moet vir elke betrokke landdrosdistrik of groep van landdrosdistrikte getoon word in die kolom wat vir dié doel voorsien is in Afdeling 2.
2. *Huurkoopverkope* bestaan uit kontrakte aangaan in ooreenstemming met die Wet op Huurkoop, 1942, soos gewysig. Toon die huurkoopverkope aan vir eie rekening, asook dié oorgedra aan finansieringsmaatskappye. Die bedrag wat getoon word, moet die bruto bedrag wees, dit is, voor aftrekking van deposito's en die waarde van goedere ingeruil. Finansieringskoste moet ingesluit word.
3. Bedrae ontvang vir die verhuur van televisiestelle moet nie by Afdelings 1, 2 en 3 ingesluit word nie.

AFDELING 1.—KONTANT-, HUURKOOP- EN ANDER KREDIETVERKOPE

BESONDERHEDE VAN TOTALE VERKOPE

	A		B		C	
	<i>Hersiene waarde van verkope vir die vorige maand</i>		<i>Waarde van verkope gedurende die maand waarop hierdie opgawe betrekking het</i>		<i>Beraamde waarde van verkope vir die komende maand. Toon slegs totale verkope</i>	
	Kode	Rand	Kode	Rand	Kode	Rand
(a) Kontantverkope.....	01		05			
(b) Kredietverkope:						
(i) Huurkoopverkope.....	02		06			
(ii) Ander kredietverkope.....	03		07			
Totaal.....	04		08	*	09	

* Moet ooreenstem met groottotaal by Kode 55 van Afdeling 2.

Indien die gegewens vir die betrokke drie maande aansienlik verskil, moet die redes vir die verskille hieronder verstrek word ten einde onnodige korrespondensie uit te skakel:

Kolom A in hierdie opgawe vergeleke met kolom B van die vorige opgawe.....

Kolom B vergeleke met kolom A.....

Kolom C vergeleke met kolom B.....

AFDELING 2.—TOTALE VERKOPE VOLGENS LANDDROSDISTRIKTE

Landdrostdistrikte	Getal kleinhandelinnrigtings (takke)		Totale verkope (kontant-, huurkoop- en ander kredietverkope)	
	Kode	Getal	Kode	Rand
<i>Kaap (uitgesonderd Transkei):</i>				
Kaapse Skiereiland (Kaapstad, Bellville, Simonstad, Goodwood en Wynberg)...	10		33	
Wellington, Paarl, Stellenbosch, Kuilsrivier, Somerset-Wes en Strand.....	11		34	
Port Elizabeth, Uitenhage en Kirkwood.....	12		35	
Oos-Londen.....	13		36	
Kimberley.....	14		37	
Res van Kaap.....	15		38	
<i>Natal:</i>				
Durban, Pinetown, Inanda en Laer Tugela.....	16		39	
Pietermaritzburg, Camperdown, Richmond, Ixopo, New Hanover, Lionsrivier en Umvoti.....	17		40	
Res van Natal.....	18		41	
<i>Transvaal:</i>				
Johannesburg en Randburg.....	19		42	
Germiston, Alberton, Kempton Park, Boksburg en Benoni.....	20		43	
Brakpan en Springs.....	21		44	
Nigel, Delmas, Heidelberg en Balfour.....	22		45	
Roodepoort, Westonaria, Krugersdorp, Randfontein en Oberholzer.....	23		46	
Pretoria, Brits, Cullinan en Bronkhorstspuit.....	24		47	
Vereeniging, Vanderbijlpark en Sasolburg.....	25		48	
Witbank en Middelburg.....	26		49	
Res van Transvaal.....	27		50	
<i>Oranje-Vrystaat:</i>				
Bloemfontein.....	28		51	
Odendaalsrus, Virginia en Welkom.....	29		52	
Res van O.V.S. (uitgesonderd Sasolburg).....	30		53	
<i>Transkei:</i>				
.....	31		54	
Totaal.....	32		55	

AFDELING 3.—VERKOPE VOLGENS SOORT HANDELSWARE*

In die lys van handelsartikels of groepe handelsartikels wat hieronder verskyn verstrek asseblief, waar van toepassing, die geskatte verkope vir elkeen van die items, uitgedruk as 'n persentasie van die totale verkope gedurende die tydperk wat deur die opgawe gedek word. Gesamentlike waardes vir die verskillende items hieronder is nie aanvaarbaar nie en raming *moet* verstrek word indien afsonderlike syfers nie gereedlik beskikbaar is nie.

Verkope volgens handelswaregroepe (kontant-, huurkoop- en ander kredietverkope)	Kode	Geskatte persentasie van totale verkope %
1. Voedsel (vars vleis en vleisprodukte, suiwelprodukte, groente, vars vrugte en ander voedselware).....	56	
2. Nie-eetbare kruideniersware (reinigingsmiddels, politoer, ens. wat normaalweg in kruidenierswinkels en/of kruideniersafdelings verkoop word).....	57	
3. Alkoholiese en nie-alkoholiese drank.....	58	
4. Sigarette en vervaardigde tabak.....	59	
5. Skoeisel vir mans, dames en kinders.....	60	
6. Mans- en seunsklere en bykomstighede.....	61	
7. Dames-, meisies- en babaklere en bykomstighede.....	62	
8. Stukgoedere en weefstowwe, insluitende komberse, lakens, gordyne, ens.....	63	
9. Meubels.....	64	
10. Huishoudelike toestelle (koelkaste, stowe, radio's, ens., <i>uitgesonderd</i> televisiestelle).....	65	
11. Verkope van televisiestelle.....	66	
12. Ander huishoudelike meublement (matte, matrasse, kussings, ens.).....	67	
13. Glas- en breekware, tafelgereedskap, kombuisware en ander huishoudelike hardeware.....	68	
14. Aptekersware, patente en ander medisyne, kosmetiese benodighede, verbande, ens.....	69	
15. Boeke, tydskrifte en skryfbehoeftes.....	70	
16. Sport- en vermaaklikheidsbenodighede, fotografiese uitrusting, grammofoonplate, musiekinstrumente, speelgoed, ens.....	71	
17. Diamante, juweliers- en silwerware.....	72	
18. Alle ander handelsware.....	73	
Totale verkope.....		100%

* Bedrae ontvang vir die verhuur van alle handelsware wat uitverhuur word moet nie ingesluit word nie.

AFDELING 4.—VERHURING EN HERSTEL VAN TELEVISIESTELLE

	Kode	Rand
(a) Huurgeld ontvang vir hierdie maand.....	74	
(b) Herstelwerk en dienskontrakte (met inbegrip van koste van onderdele) vir hierdie maand.....	75	
Totaal.....	76	

AFDELING 5.—GETAL VERKOOPSDAE

Nota.—Die getal dae waarop besigheid gedoen is, moet verstrek word. Indien besigheid op Saterdag gedoen word, moet dit as volle besigheidsdae beskou word.

	Kode	Getal verkoopsdae
Getal verkoopsdae vir die tydperk waarop hierdie opgawe betrekking het.....	77	

Ek verklaar hierby dat die besonderhede in hierdie opgawe verstrek in ooreenstemming is met die instruksies soos vervat in die vraelys.

Naam van persoon met wie in verbinding getree kan word in geval van navrae.....

Hoedanigheid.....

Telefoonnommer.....

Telegrafiese adres.....

Teleksadres.....

Handtekening.....

Datum.....

Plek.....

AANHANGSEL B

This questionnaire is also obtainable in English.

04-23A



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN STATISTIEK

FINANSIËLE STATISTIEKE: KLEINHANDEL

OPGAWE VIR DIE KWARTAAL GEËINDIG.....

Meld in briefwisseling met die Departement asseblief die kodenommers wat tussen hakies bokant die adres verskyn

SLEGS VIR DEPARTEMENTELE GEBRUIK

- (1) Ontvangs aangeteken.....
- (2) Kontrole.....
- (3) Toetskontrole.....
- (4) Na Dataverwerking.....

VROEGTYDIGE INDIENING VAN OPGAWE

Die waarde van hierdie statistieke is afhanklik van die tydige vrystelling van die resultate. Geliewe dus u opgawe elke kwartaal stiptelik in te dien, in ieder geval nie later nie as die VERVALDATUM, naamlik DRIE WEKE na die einde van die kwartaal waarop dit betrekking het.

Indien die verlangde gegewens nie gereedlik beskikbaar is nie, sal ramings aanvaar word.

Die verskaffing van hierdie statistieke is verpligtend kragtens regulasies uitgevaardig ingevolge artikel 17 van die Wet op Statistieke, 1976 (Wet 66 van 1976).

VERPLIGTING TOT GEHEIMHOUDING

U opgawe sal as streng vertroulik behandel word in ooreenstemming met die geheimhoudingsklousule van die Wet op Statistieke. Die inhoud van individuele opgawes sal nie aan enige private persoon of organisasie of Staatsdepartement beskikbaar gestel word nie. Die resultate sal op so 'n wyse gepubliseer word dat daar verseker word dat die gegewens in u opgawe vervat, vertroulik sal bly.

Verder sal geen inskrywings in die opgawe in enige regsgeding toelaatbaar wees nie, behalwe in die geval van 'n oortreding van die Wet op Statistieke.

Departement van Statistiek
Privaatsak X44
Pretoria
0001

T. A. DU PLESSIS,
Sekretaris van Statistiek.

DEFINISIES EN VERDUIDELIKENDE OPMERKINGS

1. OMVANG VAN DIE OPNAME

Die gegewens word op 'n *firmabasis* versamel. Firms met twee of meer kleinhandelinsrigtings, of firms wat bestaan uit een of meer kleinhandelinsrigtings tesame met een of meer ander insrigtings wat geklassifiseer word onder ander sektore van die ekonomie soos groot-handel, fabriekswese, mynwese, ens., moet derhalwe gegewens verstrek wat betrekking het op al hul insrigtings (takke). *Inligting wat betrekking het op filiaalmaatskappye of buitelandse takke, moet uitgesluit word.*

2. HERSIENE GEGEWENS

Die kolomme in die vraelys wat betrekking het op *heriene gegewens* vir die voorafgaande kwartaal moet ingevul word, selfs al is die gegewens 'n herhaling van dié wat in die opgawe vir die vorige kwartaal verstrek is.

3. INDIENING VAN OPGAWE

Die vraelys moet in tweevoud ingevul word en die oorspronklike opgawe moet in die amptelike koevert, wat vir die doel voorsien is, aan die Departement teruggestuur word. Die afskrif moet vir u rekorddoeleindes gehou word.

4. VERANDERING IN SAKEBELANGE

Hierdie Departement moet verwittig word van enige samesmelting of enige ander verandering in die sakebelange wat die bestek van die statistiese inligting verstrek deur hierdie firma mag beïnvloed.

5. GELDWAARDES

Gee asseblief geldwaardes aan tot die naaste rand. Moenie sente aangegee nie.

AFDELING 1.—RENTE, DIVIDENDE, HUUR, INKOMSTEBELASTING, WAARDEVERMINDERING EN WINS/VERLIES

Opmerkings:

1. Rente, dividend, huur, inkomstebelasting en waardevermindering moet getoon word slegs wanneer dit werklik in berekening gebring is.
2. Wins of verlies is die bedrag verkry—
 - (a) nadat rente betaal gedebiteer is; maar
 - (b) voordat waardevermindering, inkomstebelasting, dividende betaal en verliese op bates (met inbegrip van beleggings) verkoop of herwaardeer, gedebiteer is; en
 - (c) voordat rente ontvang, dividend ontvang (met inbegrip van dividende ontvang van houer- of filiaalmaatskappye) en wins op bates (met inbegrip van beleggings) verkoop of herwaardeer, gekrediteer is.

Item	A		B	
	Hersiene syfers vir die vorige kwartaal		Syfers vir die kwartaal waarop hierdie opgawe betrekking het	
	Kode	Rand	Kode	Rand
1. <i>Kredits (slegs sekere items)</i>				
1.1 Rente ontvang.....	01		15	
1.2 Dividende ontvang.....	02		16	
1.3 Huur ontvang:				
(a) Grond en geboue.....	03		17	
(b) Masjinerie, voertuie en ander uitrusting.....	04		18	
1.4 Totaal (items 1.1 tot 1.3).....	05		19	
2. <i>Debets (slegs sekere items)</i>				
2.1 Rente betaal.....	06		20	
2.2 Dividende betaal.....	07		21	
2.3 Huur betaal:				
(a) Grond en geboue.....	08		22	
(b) Masjinerie, voertuie en ander uitrusting.....	09		23	
2.4 Inkomstebelasting werklik betaal (uitgesonderd werknemersbelasting)....	10		24	
2.5 Waardevermindering.....	11		25	
2.6 Totaal (items 2.1 tot 2.5).....	12		26	
3. Wins.....	13		27	
4. Verlies.....	14		28	

Indien die bedrae in kolomme A en B hierbo en kolom B in die vorige opgawe getoon aansienlik verskil, geliewe die redes hier te verstrek ten einde onnodige korrespondensie uit te skakel:

Kolom A in hierdie opgawe vergeleke met kolom B van die vorige opgawe.....

Kolom B vergeleke met kolom A.....

AFDELING 2.—KAPITAALUITGAWES AAN NUWE BATES

1. *Opmerkings:*

1.1 SLUIT IN—

- 1.1.1 Gekapitaliseerde uitgawes ten opsigte van die verbetering van terreine, oprigting van *nuwe* geboue en werke en *aanbouings* aan en *verbouings* van *bestaande* geboue en werke (deur buitekontrakteurs of deur u eie werknemers gedoen).
 1.1.2 Uitgawes ten opsigte van *nuwe masjinerie en uitrusting aangekoop* (hetsy plaaslike of ingevoer) en *gebruikte masjinerie regstreeks deur u ingevoer* (inruiltoelatings moet nie afgetrek word nie).
 1.1.3 Uitgawes wat in verband staan met die aanskaffing van bates en *wat gekapitaliseer is*, soos byvoorbeeld argiteksgelde, bou-rekenaarsgelde en oordragkoste.

1.2 SLUIT UIT—

- 1.2.1 Uitgawes ten opsigte van aankope van grond en *bestaande* geboue en werke (met inbegrip van sleutelklaar-“turnkey” projekte).
 1.2.2 Uitgawes in verband met *gebruikte* masjinerie en uitrusting wat plaaslike *aangekoop* is en nie regstreeks deur u ingevoer is nie.
 1.2.3 Uitgawes in verband met die *onderhoud en herstel van bates*.

Item	A		B	
	Hersiene syfers vir die vorige kwartaal		Syfers vir die kwartaal waarop hierdie opgawe betrekking het	
	Kode	Rand	Kode	Rand
1. Geboue en ander verbeterings.....	29		34	
2. Konstruksiewerke (paaie, parkeerterreine, ens.).....	30		35	
3. Meubels, toebehore, installasies, masjinerie en ander uitrusting met inbegrip van dié aangekoop vir langtermynhuur of verhuring.....	31		36	
4. Voertuie.....	32		37	
5. Totaal.....	33		38	

Indien die bedrae in kolomme A en B hierbo en kolom B in die vorige opgawe getoon aansienlik verskil, geliewe die redes hier te verstrek ten einde onnodige korrespondensie uit te skakel:

Kolom A in hierdie opgawe vergeleke met kolom B van die vorige opgawe.....

Kolom B vergeleke met kolom A.....

04-23A

AFDELING 3.—KAPITAAL AANGEWEND SOOS AAN EINDE VAN KWARTAAL

Item	A		B	
	Hersiene syfers vir einde van vorige kwartaal		Syfers vir einde van kwartaal waarop hierdie opgawe betrekking het	
	Kode	Rand	Kode	Rand
1. Boekwaarde van grond, geboue, masjinerie, meubels, voertuie en ander uitrusting: (a) Gebruik deur hierdie firma.....	39		46	
(b) Verhuur.....	40		47	
2. Totale waarde van voorrade.....	41		48	
3. Wissels en korttermynskuldbewyse (uitgesonderd verband- en ander langtermynlenings sowel as korttermynlenings); huurkoopdebiteure en ander handelsdebiteure	42		49	
4. Daggeld en onmiddellik opeisbare deposito's en kontant voorhande (uitgesonderd spaar- en termyndeposito's).....	43		50	
5. Boekwaarde van ontasbare bates soos klandisiewaarde, patente en handelsmerke	44		51	
6. Totale kapitaal aangewend (totaal van 1 tot 5).....	45		52	

Indien die bedrae in kolomme A en B hierbo en kolom B in die vorige opgawe getoon aansienlik verskil, geliewe die redes hier te verstrek ten einde onnodige korrespondensie uit te skakel:

Kolom A in hierdie opgawe vergeleke met kolom B van die vorige opgawe.....

Kolom B vergeleke met kolom A.....

Item	Hersiene syfers vir einde van vorige kwartaal		Syfers vir einde van kwartaal waarop hierdie opgawe betrekking het	
	Kode	Rand	Kode	Rand
1. Huurkoopdebiteure.....	53		56	
2. Ander debiteure.....	54		57	
3. Totaal.....	55		58	

Hiermee verklaar ek dat die besonderhede in hierdie opgawe verstrek, in ooreenstemming is met die instruksies vervat in die vraelys.
 Naam van persoon met wie in verbinding getree kan word in geval van navrae.....

Hoedanigheid.....
 Telefoonnommer.....
 Telegrafiese adres.....
 Teleksadres.....

Handtekening.....
 Datum.....
 Plek.....

This questionnaire is also obtainable in English.

AANHANGSEL C

04-24A



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
DEPARTEMENT VAN STATISTIEK
MAANDELIKSE VERKOPE DEUR GROOTHANDELFIRMAS
OPGAWE VIR DIE MAAND.....

Meld in briefwisseling met die Departement asseblief die kodenommers wat tussen hakies bokant die adres verskyn	SLEGS VIR DEPARTEMENTELE GEBRUIK (1) Ontvangs aangeteken..... (2) Kontrole..... (3) Toetskontrole..... (4) Na Dataverwerking.....
--	---

VROEGTYDIGE INDIENING VAN OPGAWE Die waarde van hierdie statistieke is afhanklik van die tydige vrystelling van die resultate. Geliewe dus u opgawe elke maand stiptelik in te dien, in ieder geval nie later nie as die VERVALDATUM, naamlik TIEN DAE na die einde van die maand waarop dit betrekking het. Indien die verlangde gegewens nie gereedlik beskikbaar is nie, sal ramings aanvaar word. Die verskaffing van hierdie statistieke is verpligtend kragtens regulasies uitgevaardig ingevolge artikel 17 van die Wet op Statistieke 1976 (Wet 66 van 1976).	VERPLIGTING TOT GEHEIMHOUDING U opgawe sal as streng vertroulik behandel word in ooreenstemming met die geheimhoudingsklousule van die Wet op Statistieke. Die inhoud van individuele opgawes sal nie aan enige private persoon of organisasie of Staatsdepartement beskikbaar gestel word nie. Die resultate sal op so 'n wyse gepubliseer word as daar verseker word dat die gegewens in u opgawe vervat, vertroulik sal bly. Verder sal geen inskrywing in die opgawe in enige regsgeding toelaatbaar wees nie, behalwe in die geval van 'n oortreding van die Wet op Statistieke.
--	---

Departement van Statistiek
Privaatsak X44
Pretoria
0001

T. A. DU PLESSIS,
Sekretaris van Statistiek.

DEFINISIES EN VERDUIDELIKENDE OPMERKINGS

1. OMVANG VAN DIE OPNAME

Die gegewens word op 'n *firmabasis* versamel. Firmas met twee of meer groothandelinrigtings, of firmas wat bestaan uit een of meer groothandelinrigtings tesame met een of meer ander inrigtings wat geklassifiseer word onder ander sektore van die ekonomie, soos kleinhandel, fabriekswese, mynwese, ens., moet daarop let dat die gegewens met betrekking tot verkope verlang word slegs ten opsigte van daardie inrigtings wat *oorwegend* te doen het met die *groothandel*. Inligting wat betrekking het op hou- of filiaalmaatskappye of buitelandse takke, moet uitgesluit word.

2. BERAAMDE EN HERSIENE GEGEWENS

Die kolomme in die vraelys wat betrekking het op *heriene gegewens* vir die voorafgaande maand moet ingevul word, selfs al is die gegewens 'n herhaling van dié wat in die opgawe vir die vorige maand verstrek is. Toon asseblief in Afdeling 1, kolom C die beraamde waarde van totale verkope vir die volgende maand.

3. INDIENING VAN OPGAWE

Die vraelys moet in tweevoud ingevul word en die oorspronklike opgawe moet in die amptelike koevert wat vir die doel voorsien is aan die Departement teruggestuur word. Die afskrif moet vir u rekorddoeleindes gehou word.

4. VERANDERING IN SAKEBELANGE

Hierdie Departement moet verwittig word van enige samesmelting of enige ander verandering in die sakebelange wat die bestek van die statistiese inligting verstrek deur hierdie firma, mag beïnvloed.

5. GELDWAARDES

Gee asseblief geldwaardes aan tot die naaste rand. Moenie sente aangegee nie.

AFDELING 1.—VERKOPE EN GETAL GROOTHANDELINRIGTINGS

	A		B		C	
	Hersiene syfer vir die vorige maand		Syfer vir die maand waarop hierdie opgawe betrekking het		Beraamde syfer vir die volgende maand	
	Kode	Rand	Kode	Rand	Kode	Rand
1. Totale verkope van alle groothandelinrigtings (takke) van die firma (kyk opmerking 1.—Omvang van die opname).....	01		02		03	

Indien die waardes van die betrokke drie maande aansienlik verskil, geliewe die redes hier te verstrek ten einde onnodige korrespondensie uit die skakel:

Kolom A in hierdie opgawe vergeleke met kolom B van die vorige opgawe.....

Kolom B vergeleke met kolom A.....

Kolom C vergeleke met kolom B.....

	Kode	Getal
2. Getal groothandelinrigtings (takke).....	04	

AFDELING 2.—GETAL VERKOOPSDAE

Opmerking.—Indien besigheid op Saterdag gedoen word, moet dit as volle besigheidsdae beskou word.

	Kode	Getal verkoopsdae
Getal verkoopsdae van hierdie firma vir die tydperk waarop hierdie opgawe betrekking het.....	05	

Hiermee verklaar ek dat die besonderhede in hierdie opgawe verstrek, in ooreenstemming is met die instruksies soos vervat in die vraelys. Naam van persoon met wie in verbinding getree kan word in geval van navrae.....

Hoedanigheid.....
Telefoonnommer.....
Telegrafiese adres.....
Teleksadres.....

Handtekening.....
Datum.....
Plek.....

This questionnaire is also obtainable in English.

AANHANGSEL D

04-25A



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA DEPARTEMENT VAN STATISTIEK FINANSIËLE STATISTIEKE: GROOTHANDEL

OPGAWE VIR DIE KWARTAAL GEËINDIG.....

Meld in briefwisseling met die Departement asseblief die kodenommers wat tussen hakies bokant die adres verskyn	SLEGS VIR DEPARTEMENTELE GEBRUIK (1) Ontvangs aangeteken..... (2) Kontrole..... (3) Toetskontrole..... (4) Na Dataverwerking.....
---	--

